Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2271 5 Maart 2026

# Majubafees 2026 was ‘n belewenis!










**Deur Fritz van Graan**, leier van die HNP

Dit was weer eens ‘n besondere belewenis om die Majubafees by te woon, soos elke vorige jaar. Die besoekers was soos altyd vriendelik, betrokke by aktiwiteite en gemotiveerd om ons geskiedenis te leer en uit te leef, soos dit ons Afrikaner-Boerevolk betaam. Alle organisasies wat stalletjies bedryf het se dienste was puik, verteenwoordigers was uiters vriendelik, kundig en behulpsaam.

Die HNP-stalletjie was goed geleë op die terrein sodat feesgangers dit maklik kon sien en besoek. Die uitstalling het bestaan uit heelwat geskiedenisboeke, politieke inligting en ook ***Die Afrikaner*** tydskrifte van die afgelope jaar. Ekself en die ondervoorsitter, mnr. Dewald Breytenbach, het die stalletjie beman en besoekers te woord gestaan en ingelig.

Besoekers kon ook die “Toets jou kennis van die geskiedenis”-vraestel by die HNP-stalletjie invul om ‘n boekprys te wen. ‘n Hele paar het deelgeneem teen R30 per vraestel en so het mnr. Louis Engelbrecht, die voorsitter van die Krugergenootskap, met byna volpunte die eerste prys gewen. Daar is ook tweede en derde pryse toegeken.

Op Saterdag die 28ste Februarie se program was items soos die vlaghysing, feesrede deur prof. Andries Raath, skyfskiet, afvuur van die kanon en bestyging van die Majubaberg. Persone wat die kruin van die berg bereik het, het medaljes ontvang wat deur die GHA geborg is. Later die middag was daar volkspele, boeresport en jukskei en die aand cantille vir die jeug en cantus vir studente en volwassenes. Die Sondag se erediens deur ds. Adriaan Appelgryn is goed bygewoon.

Die Majubafees is een van die hoogtepunte van ons Afrikanerfeesdae, waartydens die oorwinning van die Boeremagte onder leiding van generaal Piet Joubert teenoor die Britse Ryk op 27 Februarie 1881 herdenk word. Na hierdie oorwinning het die Britte vrede gesluit met die Boeremagte, sodat die Transvaalse en Vrystaatse Republieke vryheid kon geniet, weliswaar net vir ‘n kort tydjie, totdat die Britse regering in 1899 weer met ‘n nuwe aanslag teen die Boererepublieke begin het.

Die Redakteur.........

# Internasionale Verhoudings

Internasionale verhoudings is 'n saak waaraan enige land aandag gee, hetsy om ekonomiese, kulturele of politieke redes.

Die laaste jare onder die ANC-staatshoof, Cyril Ramaphosa, het die verhoudings met voormalige vriendelike lande, omgekeer in vyandskap. Amerika is 'n goeie voorbeeld daarvan, alhoewel Amerika tradisioneel die vyand van die Afrikanerregerings was, en hulle ook hulle laakbare deel gedoen het om druk te plaas op swak leiers soos John Vorster, PW Botha en by uitstek FW de Klerk, om boedel oor te gee aan die destydse ANC-terroristebeweging.

Die dom internasionale rigting wat die Ramaphosa-regering ingeslaan het, en wat sy koalisievennote nie omgekeer of ten minste net getemper kan kry nie, het die land ekonomies sowel as polities geskaad. Die straftariewe wat Amerika se president Donald Trump ingestel het, raak ons.

Nou is daar oorlog in die Midde-Ooste, en Ramaphosa sê "die malligheid in die Midde-Ooste moet stop", wat weer eens 'n duidelike klap is na Amerika en Israel, met wie hy reeds in 'n diplomatieke staat van oorlog verkeer.

Daar is egter 'n verskil tussen gesonde buitelandse betrekkinge en inmenging in buitelandse aangeleenthede.

Die oorlog tussen Israel en Hamas, is in wese 'n saak tussen hulle. Deur Israel na die internasionale strafhof te sleep, kom neer op inmenging in interne aangeleenthede van 'n ander land.

As dit dan kwansuis van internasionale belang is omdat daar na bewering menseregtevergrype sou plaasvind, waarom nie konsekwent wees Sjina insgelyks gaan aankla oor sy menseregtevergrype soos kinderarbeid nie? Of om Iran aan te kla van hul brutale onderdrukking, met lewensverlies, van betogers?

Ook volke het behoefte aan internasionale verhoudinge met eensgesindes in die res van die wêreld. Daarom het ons reeds kontakte met volksnasionaliste in baie Europese state en ook in ander wêrelddele. Daar is so baie wat ons van mekaar kan leer, en waar ons mekaar kan aanvul uit ervarings van die verlede. Elkeen bly egter heeltemal onafhanklik en kom dit nie neer op inmenging in interne sake nie.

Dit kan dus geen kwaad doen as ons nouer betrekkinge aanknoop met gelykdenkendes in die res van die wêreld nie.

Trouens, daar is al baie jare gelede op 'n HNP-kongres 'n voorstel ingedien, en aanvaar, dat die moontlikheid van 'n internasionale konvensie van volksnasionaliste ondersoek moet word, en dat die HNP die wiele daarvoor aan die gang moet sit. Op daardie stadium sou dit beteken het dat almal op een plek bymekaar sou kom, en ons wou dit graag in Suid-Afrika sien: dis goedkoper vir mense met dollars en euro's om na Suid-Afrika te kom, as wat dit vir ons is om met 'n vrot rand na enige ander plek in die wêreld te reis.

Intussen het Covid die wêreld verander. In Mei 2020 het ons in hierdie kolom, die bespreking afgesluit met die volgende woorde: "Dalk het dit tyd geword vir 'n Internasionale Nasionalistiese Konvensie, veral noudat almal al geleer het om suksesvolle Zoom-konferensies te hou!"

In Julie 2023 het ons in hierdie kolom die volgende gesê: "Die HNP het al by geleentheid op sy kongres besluit dat 'n internasionale konferensie van nasionaliste dalk gereël moet word. Dalk moet ons dit nou verder definieer: blanke nasionaliste.

"As gekyk word na die wêreldpolitiek, en daarin heelhartig ondersteun deur alles wat linkse media is, is dit duidelik dat alles wat blank is sleg is, en dat die blanke bevolking van die wêreld alles skuld aan die ander, veral die Swartes. Ons beleef dit in Suid-Afrika, dit gaan so in Amerika waar die swart bevolking steeds meer eise stel, in Engeland, en die res van Europa.

"Die koms van die Covid-inperkings het die HNP se kongresbesluit op die agtergrond geplaas. Wat Covid wel positief gelaat het, is dat veel meer van die virtuele platforms gebruik gemaak kan word. So 'n internasionale konferensie kan nou baie makliker gehou word.

"Die noodsaak vir so 'n konferensie waar die wêreld se blanke nasionaliste, dus Blankes wat sterk voel oor hulle volksidentiteit, blyk daagliks groter te word. As daar nie beplan en opgetree word met 'n internasionale strategie en plan van optrede nie, is dit verby vir die Blankes. Dit sal uiteraard op die beginsel van volksnasionalisme plaasvind, maar volkere kan met mekaar saamwerk."

Einde Februarie vanjaar het Lex Libertas van dr. Ernst Roets skynbaar so 'n konferensie gereël. Ons sê "skynbaar", want helaas was die HNP en/of ***Die Afrikaner*** nie daarheen genooi nie, en moet ons maar staatmaak of wat in die media gerapporteer

is. Elders in hierdie uitgawe het mnr. Jaco Kleynhans op ons versoek ‘n berig geskryf oor die Vlaamse afvaardiging wat dié beraad bygewoon het – dieselfde Vlaminge met wie ons al oor dekades ‘n persoonlike verhouding het.

Later het Lex Libertas die volgende verklaring uitgereik:

“Na 'n intensiewe week van betrokkenheid in Suid-Afrika, het Lex Libertas en die *New York Young Republican Club* (NYYRC) 'n gekoördineerde internasionale aksieplan aangekondig wat daarop gemik is om Suid-Afrika se krisis onder die aandag van die Verenigde State se regering en die breër Westerse wêreld te bring.

“Terwyl hulle in Suid-Afrika was, het die NYYRC-afvaardiging met slagoffers van plaasaanvalle, persone wat deur rassediskriminerende wetgewing uitgesluit is, sakeleiers en gemeenskapsinstellings vergader. Hierdie betrokkenheid het 'n gestruktureerde program van opvolgaksies ingelig wat in die Verenigde State geïmplementeer sal word.

“Die eerste komponent is die bekendstelling van 'n internasionale petisie wat die Verenigde State versoek om 'n spesiale gesant aan te stel wat toegewy is aan die interaksie met die Afrikanergemeenskap en ander kulturele minderhede in Suid-Afrika, en om die strewe na selfregering as 'n wettige en vreedsame oplossing te erken. Die doel is om ten minste 100 000 ondertekenaars te bekom voordat die petisie formeel aan die President van die Verenigde State, die Amerikaanse Staatsdepartement en die Withuis voorgelê word.

“Tweedens beoog Lex Libertas en die NYYRC om 'n openbare waak in Washington, D.C. aan te bied, waar 3 000 wit kruise op die National Mall vertoon sal word om slagoffers van plaasaanvalle te herdenk. Na hierdie geleentheid sal die petisie formeel aan die Amerikaanse administrasie oorhandig word.

“Derdens beplan Lex Libertas om 'n konferensie in Washington, D.C. aan te bied, waar slagoffers van plaasaanvalle, rasse-uitsluiting en staatsversaking in Suid-Afrika hul getuienisse direk met Amerikaanse gehore en beleidmakers sal deel.

“Daarbenewens sal 'n formele versoek aan die Amerikaanse Kongres voorgelê word om 'n openbare verhoor oor Suid-Afrika en strukturele beleidsoplossings te belê.

“Stefano Forte, President van die NYYRC, het gesê: ‘Ons het na Suid-Afrika gekom op 'n feitesending om die werklikheid self te sien, nie op mediapropaganda staat te maak nie. Ons het gevind dat Afrikaners en ander etniese minderhede ernstige onsekerheid en groeiende vyandigheid in die gesig staar met min beskerming van hul eie regering. Dit is 'n volk met diep beskawingsbande met die Weste, en hul situasie vereis die aandag van die Amerikaanse regering. Ons het die gordyn teruggetrek – nou moet Washington aandag gee.’

“Dr. Ernst Roets, Uitvoerende Direkteur van Lex Libertas, het gesê: ‘Wat die NYYRC in Suid-Afrika waargeneem het, is nie nuut nie. Dit is al vir etlike dekades 'n voortdurende en verergerende krisis. Dit is 'n voortdurende, verergerende krisis wat doelbewus geïgnoreer en ontken is deur 'n losstaande politieke elite. Terwyl gewone mense geweldsmisdaad, rassediskriminasie en staatsineenstorting in die gesig staar, beskerm diegene in mag hul posisies en beskerm 'n mislukte stelsel. As diegene in mag nie hierdie krisis sal konfronteer nie, dan sal die mense – en ons sal daardie boodskap na die wêreld neem.’

“Om hierdie inisiatiewe moontlik te maak, het Lex Libertas en die NYYRC 'n fondsinsamelingsveldtog van stapel gestuur met 'n teiken van $50 000. Ondersteuners kan een van die 3 000 wit kruise borg vir $15 per kruis. Die organisasies moedig ondersteuners aan om die petisie te teken en finansieel by te dra om hierdie veldtog in die herfs van 2026 na Washington te bring.”

Alhoewel ons dus ongelukkig nie genooi is nie, is ons dankbaar dat daar wel so ‘n konferensie plaasgevind het. Die inisiatiewe wat daaruit beplan word, klink ook die moeite werd om ondersteun te word.

Daar is egter ‘n paar sake wat ons glo aandag verg.

Ons is nie noodwendig opgewonde oor die feit dat “ander minderheidsgroepe” by die beplanning ingesluit moet word nie. Ons Afrikaners is ‘n volk, wat dalk ‘n minderheid in die Suid-Afrikaanse eenheidstaat is, maar ons hoef nie teruggedruk te word na ‘n minderheidsgroep saam met ander nie. Hoe word die begrip “minderheidsgroep” gedefi-nieer? Die alfabet-mense van die LGBTTQ ens. beskou hulleself ook as ‘n minderheid. As daar ander volke is, soos die Khoi of die San, ‘n behoefte het om hulle saak te stel, is dit hulle reg. Ons kan uiteraard saamwerk, maar op ‘n volksbasis met erkenning aan mekaar se volkskap. Ons moet ons volkskap se erkenning weer opeis en nie val in die vyand se terminologie van ‘n ou minderheidjie nie.

Dit is goed om sake aan die internasionale groot klok te hang. Ons doen dit ook sover ons kan. Ons moet egter versigtig wees om te dink dat die buiteland ons gaan help. Hulle het genoeg probleme van hul eie. Hier en daar kan daar dalk ‘n gebaar gemaak word van ‘n nominale finansiële bydrae, maar alle volksgerigte groepe het geld nodig vir hul eie sake. Om te dink daar gaan groot geld instroomvir ons stryd, kan dalk uiteindelik op ‘n ontnugtering uitloop. *(Vervolg op bladsy 14)*

# Die Slag van Majuba, Februarie 1881

**Prof. Fransjohan Pretorius**



Gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het Britse soldate telkens met gevelde bajonette en krete van "Revenge Majuba!" heuwels bestorm waarop die Boere was. Die Britse nederlaag by Majuba op 27 Februarie 1881 in die Brits-Transvaalse Oorlog (Eerste Anglo-Boereoorlog) was kennelik diep in die vernederde psige van die imperiale Brit geprent. Majuba moes dus iets besonders gewees het.

Die Eerste Anglo-Boereoorlog het rampspoedig verloop vir die Britse leëraanvoerder in Natal, genl. sir George Pomeroy Colley. Op 28 Januarie en 8 Februarie 1881 het hy by Laingsnek en Schuinshoogte aan die Natal-Transvaalse grens deeglik op sy (rooi)baadjie gekry.

Waarskynlik het die terugslae Colley se oordeel beduiwel, want hy het vervolgens besluit om Majuba te beset — 'n berg wat hoog bokant die omgewing uittroon — sonder om werklik te weet watter voordele dit kon inhou.

Om tienuur op Saterdagaand 26 Februarie het Colley van Mount Prospect, 5 km suidoos van Majuba, sy opmars begin. Om 20 voor vier die Sondagoggend het die voorpunt die suidwestelike kruin van Majuba ná veel inspanning bereik. Spoedig het die mag van sowat 400 man rondom die driehoekige plato van die berg versprei — die 92ste Highlander-regiment aan die weste- en noordekant (vandaar die name Macdonaldskoppie en Gordon's Knoll ná die slag), die 58ste regiment aan die suidoostekant (by Hayskoppie), en die Naval Brigade met hul blou baadjies op die suidwestelike hoek (by Sailors' Knoll).

Colley het besluit dat die troepe te moeg was om verskansings op te rig. Hierdie flater sou hom duur te staan kom. Sy gebrekkige leierskap het onsekerheid onder sy troepe gewek. Hy het jou werklik in die eerste gedeelte van die geveg geslaap.

Teen sesuur die Sondagoggend was dit algemeen bekend in die Boerelaer aan die noordekant dat die Britte Majuba beset het. Daar word vertel dat kmdt.genl. Piet Joubert se vrou, Hendrina, eerste die rooibaadjies op die berg gewaar het. Piet Joubert se opdrag was duidelik: "Julle gaan hulle nou daar afhaal!"

En dit het net 150 man gedoen. Teen die skuins terrasse op het kmdt. Joachim Ferreira die regtervleuel (aan die westelike kant) aangevoer, asst.vk. D.J.K. Malan die linkervleuel, en asst.vk. Stephanus Roos die middel. Teen halfeen die middag het hulle die noordelike en noordoostelike kruin bereik. Op kort afstand het hulle met akkurate geweervuur die Britte geleidelik teruggedruk, wat wanordelik teen die suidelike steiltes af begin vlug het. Teen eenuur het Colley met 'n skoot deur die kop gesneuwel. 'n Gedenktekentjie dui sy sterfplek aan.

Die Highlanders het nog hardnekkig weerstand gebied, maar teen sesuur die aand was die slag gelewer. Die Britse verliese was drie offisiere en 93 man gedood, agt offisiere en 109 man gewond, en sewe offisiere en 49 man krygsgevange geneem. Slegs een Boer het gesneuwel, 'n tweede is later aan sy wonde oorlede en vyf is gewond.

Die Pretoriase Konvensie (3 Augustus 1881) en daarna die Londense Konvensie (27 Februarie 1884) het Transvaal se onafhanklikheid slegs gedeeltelik herstel, want die republiek kon geen verdrag met enige staat behalwe die Oranje-Vrystaat sluit sonder goedkeuring van die Britse kroon nie. Die republiek se diplomatieke pad vorentoe was met dubbeltjies besaai...

*(uit: *Terugblik – 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Die Aanslag in Suid-Afrika

**Hermanus van der Schyff**

Ek gaan die week die opvolg hoofstuk van die vorige stuk uit mnr. Jaap Marais se boek *Waarheid en Werklikheid*, wat hy reeds in 1983 geskryf het, aanhaal.

"DIE AANSLAG IN SUID-AFRIKA:

"In Suid-Afrika word hierdie aanslag op die gemeenskap veral oor die boeg van ras en kleur gemaak. Die uitgangspunt van die vyandige aanslag is dat alle mense gelyk is, dat skeiding tussen Blankes en Nieblankes op die sportveld en in die Kerk onchristelik is, dat die Wet op Gemengde Huwelike en ontug oor die kleurgrens onmenslik is, dat beskerming en handhawing van die Blankes se politieke instellings onregmatig is, dat verskille in lewenstandaarde en lone onregverdig is.

"Só moet die blanke gemeenskap afvallig gemaak word van die orde wat in Suid-Afrika tot stand gebring is en moet hy 'n skuldgevoel ontwikkel teenoor die Nieblankes. En só moet die blanke gemeenskap beweeg word tot verwerping van sy vorige leiers wat deur stryd en opoffering die skeiding tussen Blankes en Nieblankes gehandhaaf het in die voortsetting van die blanke volk se begeerte om sy rasse-integriteit te behou. Langs dié weg moet die bande met die geskiedenis losgesny word, moet daar 'n hervertolking van die geskiedenis gegee word en moet die Afrikaners veral beweeg word tot verwerping van hulle volk se heldedom.

"Vanaf hierdie basis word gesê dat erkenning van rasseverskille griewe onder Nieblankes veroorsaak, wat hulle beweeg tot onluste, brandstigting en geweldpleging, en dat daar min tyd is om 'veranderings' te maak op politieke , ekonomiese en sosiale gebied om revolusie af te weer.

"Só word die 80 persent nie-militêre oorlog gevoer. Die sleutel-idee is om die gemeenskap tot 'verandering' te beweeg — verandering veral van sy houding teenoor die kommunistiese eise en aansprake en idees oor rassegelykstelling.

"Hierdie enkele feit lê aan die wortel van die hele oorlog: die erkenning van rasseverskille, die handhawing van 'n rasgerigte samelewing as die alternatief vir die onreg van gelykstelling en een mens, een stem. Namate die Regering die samelewing verander tot miskenning van rasseverskille en bevordering van verkeer oor rassegrense, slaag die liberale en kommuniste in hulle 80 persent nie-militêre stryd en vernietig hulle die morele en prinsipiële basis waarop die oorlog teen die terroriste gevoer moet word."

Tot sover die aanhaling uit mnr. Marais se boek.

Met die druk en invloed deur infiltreerders en persone wat begin glo het dat hulle foutief optree om tussen rasse te onderskei, het ons vreemde dinge beleef. So het die NG Kerk in Dispatch 'n Indiër gekry om daar te kom preek. Ek en my pa (moeder oorlede) het geweier om die sogenaamde diens by te woon. Ons het ook ons ondersteuning van die gemeente en die hele kerk gestaak en nie meer dienste daar bygewoon nie. Die dominee en 'n ouderling het ons later by die huis kom besoek. Na 'n kort gesprek het ek vir hulle gevra hoe sekere tekste vertolk moet word. Die dominee se reaksie was dat hulle nie nou tyd het nie dat hulle later weer sal kom gesels. Dit is nou 45 jaar later en ek wag nog steeds vir die dominee.

Wat ek met die gesprek met die dominee wil wys, is dat dit is hoe die liberaliste en kommuniste van ons belangrikste persone, naamlik dominees, gebreinspoel het en dat hulle van ons Afrikanernasionaliste wou saamsleep om ook liberale en kommunistiese ondersteuners te word. Dieselfde tipe aksie het in skole en op universiteite gebeur.


Die Suid-Afrikaners was, en is, steeds mal oor hulle rugby. En die bont spanne pla hulle geensins nie. Dit verswak die onderskeiding tussen wit en swart en vergemaklik die liberale en kommunistiese 80 persent oorlog op ons volk. Kyk hoe lyk ons pawiljoene tydens 'n rugbywedstryd! En hoe wit en swart mekaar omhels as daar punte aangeteken word. Vandag is die druk al so ver gevorder dat ons bont paartjies kry. Partytjies word deur swart, wit en bruin bygewoon. En vriendskappe word so bevorder. En die ouers lig nie hulle kinders in wat die resultaat van hul bont vriendskappe sal wees nie.

Ek doen dus 'n ernstige beroep op ouers om hul kinders te leer waarom daar skeidingswetgewings was en dat hulle hul by die geskiedenis moet leer hoekom daar grond vir skeiding tussen elke swart stam en Blankes was. ■

# Hoe ernstig is ons?

Perspektief

deur
Meinhard Peters



Hoe ernstig is ons Afrikaners vandag om ons volk se vryheid terug te wen? Dit is ’n vraag waaraan ons gerus meer aandag kan gee. Een manier om dit te toets is om ons ervarings en optrede na 1994 te vergelyk met soortgelyke tydperke in ons geskiedenis, toe ons voor ernstige bestaanskrisisse te staan gekom het.

Ek verwys hier na net twee geleenthede: Die omstandighede na 31 Mei 1902, en dan die uitdagings wat daar was nadat die NP en die VP saamgesmelt het in 1934.

Binne enkele jare na die Vrede van Vereeniging het die Afrikanervolk sy koers teruggewen. Twee sake het die opening geskep vir die herlewing van ons strewe na vryheid. Skole en die onderwys was ons eerste prioriteit. Binne net twee dekades het die beweging van CNO-skole gelei tot die stigting van talle nuwe skole waarin ons eie geskiedenis aandag kon kry en waarin kinders in die gees van ons Christelike geloof opgevoed kon word.

Die tweede saak wat aangegryp is, is die stryd vir Afrikaans. In 1905 publiseer ds Willem Postma (Dr. O’Kulis) ’n manifes oor die Afrikaanse taal in die blad, *De Vriend*. Hy vra: ”Laat ons Afrikaans praat en skrywe, en die stryd vir die erkenning van Afrikaans is gewen.” In Stellenbosch vra JHH de Waal: “Is’t ons Ernst?”, waarop Gustav Preller antwoord: ”Laat’t ons toch Ernst wezen”.

Uniewording het gevolg, maar die konsiliasiepolitiek van genl Louis Botha het baie gou volksverset tot gevolg. Generaal Hertzog staan in 1912 teen Botha met sy oproep ”Suid-Afrika Eerste”. In 1914 word die *Nasionale Party* gestig wat Afrikanernasionalisme as beginsel en ideaal gestel het; dié nuwe party word later ’n *volksfront vir die Afrikanerdom* genoem. Dit is ‘n basiese beskouing wat ook in 1934 beklemtoon word met die stigting van die gesuiwerde Nasionale Party. En in 1969 word dit steeds die vertrekpunt van die HNP teen die liberale beleid van John Vorster.

In slegs twee dekades na die samesmeltingskrisis van 1934 word Afrikanernasionalisme hoog opgevoer met die Eeufees van 1938, die Republikeinse konsepgrondwet van 1941, die verkiesingsoorwinning van 1948, en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1949.  By laasgenoemde geleentheid waarsku dr DF Malan ons volk teen verslapping en afdwaling – netsoos president Kruger dit ook in sy laaste boodskap van 1904 gedoen het.

Ongelukkig het ons volk dié swakheid dat hy koers kan verloor. Dit is ‘n swakheid wat ons vyande meedoënloos uitgebuit het. Eers deur die Britse Ryk, toe deur sg “boereleiers” wat die Britse Ryk omhels het; en later deur ons eie mense wat die liberale, pad bo die beginselpad verkies het.

Het ons na die rewolusie van 1990-1994 werklik sterk genoeg na vore getree vir ons vryheidideaal, en waar staan ons vandag daarmee? Wat ons gesien het in die Referendum van 1992 was dat Afrikaners in groot getalle JA gestem het vir hervorming en versoening. Dit was ’n keuse vir *politieke korrektheid* (dws vir die liberale pad). En selfs ná 1994 het baie Afrika-nerleiers voortgegaan om die nuwe grondwet te ondersteun – al was daar ’n kritiese houding teen die ANC-regime.

Interessant genoeg, skryf dr Dan Roodt in Augustus 2006 in sy boek “Aweregs”, die volgende: ”Die denke en ideologie wat die afgelope twaalf jaar by die emmers vol oor ons uitgegiet word, verteenwoordig daarom die triomfantelike viering van ’n oorwinning; nie net die oorwinning oor sogenaamde *apartheid* nie, maar ook oor die Afrikaner en die hele Westerse kultuur en tradisie wat ons voorouers met soveel moeite en opoffering in dié werelddeel kom vestig het. Ons leef in ’n tydvak van erge politieke korrektheid...”

Baie goeie, konserwatiewe Afrikaners is deur die gebeure van 1990-1994 op sleeptou geneem. Gedagtes soos dat apartheid ’n sonde sou wees, dat ’n wit minderheidregering vervang moes word met ’n demokratiese stelsel, dat die era van Afrikanernasionalisme verbygegaan het, dat ons maar moet aanvaar dat ons net ’n minderheid is, is gretig omhels. Voortaan sou Afrikaners poog om aan te pas binne die Nuwe Suid-Afrika, soos dit destyds voorgestel is.

Die verstommende ding is dat laasgenoemde opvatting nog te veel in ons volk voorkom. Die boeke van die verlede moet toegemaak word, word daar gesê. Die verskille van die verlede moet ons vergeet. Ons moet nou saamstaan vir selfbeskikking; maar wanneer mens dit nader beskou is die selfbeskikking wat so bepleit word geensins vryheid vir die Afrikanervolk nie. Die beginsel van skeiding tussen die rasse word vervang met begrippe soos nie-rassigheid en geendiskriminasie. Van die ideaal van Afrikanernasio-nalisme hoor ons gans te min; en die woord volk is lankal vervang met die glibberige idee van ’n gemeenskap.

Is ons ernstig genoeg om ons vryheid te herstel? En wat sou dit alles van ons verg, indien dit werklik ons erns is? Is ons volk regtig op koers, of dwaal ons nog rond in die woestyn? ■

# Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis (1)

Deur Henk van de Graaf

Die afgelope tyd het ek en HNP-veteraan, mnr. Meinhard Peters, heelwat gesprekke gevoer, waartydens dan ook gebeure van die vroeë jare van die HNP na vore gekom het. Dit het dikwels in ons gesprekke ‘n soort nostalgie losgemaak.


Wyle mnr. Louis van der Schyff het vir die HNP se 50-ste bestaansjaar ‘n skitterende koffietafelboek die lig laat sien, waarin die geskiedenis van die HNP en sy bekendste mense baie goed hanteer is. Ons gaan ook mettertyd dele daarvan hier plaas.

Uiteraard kan dit nie die ervaringe en staaltjies van elke lid bevat nie. Tog het elkeen wat iewers met die HNP te doen gehad het, sy eie verhaal om te vertel, en hoe hy van die mense en leiers beleef het en hulle onthou het.

Dit het ons op die gedagte gebring om te begin met so ‘n reeks staaltjies van die HNP deur sy lede of voormalige lede, of mense wat iewers met die HNP te doen gehad het.

Daarom nooi ons lesers uit om hulle ervarings met ons te deel, maak nie saak hoe lank of kort nie – laat dit deel word van die geskiedenis waarvan ons deel was, en dalk selfs nog deel is.

Uit die aard van my betrokkenheid by die HNP op vele terreine, het ek heelwat staaltjies, maar hierdie mag nie Henk van de Graaf se rubriek wees nie – dit moet die lesers se rubriek wees, en wie weet, dalk stel ons later uit al hierdie staaltjies ook ‘n boek saam.



*Prof. P. van Z Aucamp*

Hierdie eerste bydrae van staaltjies wil ek nie aan een van die groot leidende figure wy nie, maar my herinneringe aan:

**Prof. P van Z Aucamp se nalatenskap**

Hierdie verhaal het begin ‘n rukkie gelede in Warmbad in die Noord-Transvaal, waar ek en my gade nou al byna tien jaar lank woon.

Elke keer as ek na Nylstroom ry, sien ek die bordjie van Dr. Aucamp se spreekkamer, so ‘n entjie buite Warmbad. Net langsaan is daar ‘n restaurant en kuierplek, en ek verneem toe dié staan op dr. Aucamp se perseel.

Op ‘n mooi dag stap daar ‘n man in wat ouer is as ek, met ‘n baard wat so ‘n bietjie gryser is as myne, en hy teug aan sy pyp. Die restaurant se eienaar stel my toe voor: dit is dr. Aucamp. “Aangename kennis, ek is Emile.”

So begin die gesprek, en op een of ander manier kom die HNP en ***Die Afrikaner*** ter sprake. “Dan het jy seker my pa geken: Peet Aucamp – prof. P van Z Aucamp.”

Ja, natuurlik kan ek prof. Peet onthou! Toe ek in 1990 as nuusredakteur by ***Die Afrikaner*** begin werk het en dus alle vergaderings van die party bygewoon het, was prof. Peet Aucamp ook altyd op die hoofbestuursvergaderings. Hy het nie baie gepraat nie, maar as hy gepraat het, het hy met gesag gepraat en almal het geluister en ingeneem wat hy sê.

Hy was voor sy aftrede immers ’n professor in staats- en konstitusionele reg, met sterk regsfilosofiese inslag, aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Hy was deel van die regsfakulteit wat destyds nog doelbewus gewerk het vanuit ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Hy het sy studente geleer dat die reg nie “neutraal” is nie, maar altyd vanuit bepaalde lewens- en waardebeginsels funksioneer.

Nou, so ‘n paar dae voor die skryf van hierdie stuk, loop ek weer in dr. Emile Aucamp vas. Na die uitruil van die gewone hoflikhede, komplimenteer hy my dat ek nog sterk lyk, waarop ek hom terloops meedeel dat ek ook so voel, behalwe van ‘n lastige pyn in my knie, wat ek die laaste ure ontwikkel het en wat my moeilik laat bestuur het van Vaalwater af.

Net daar in die restaurant doen hy gou ‘n ondersoek op die been en kuit, bepaal daar is geen trombose nie maar wel water op die knie, dus ‘n ligte infeksie. Hy beveel my een of ander natuurlike produk aan

wat by sy kliniek te kry is.

Nou gaan ek eers terug na ‘n vorige gesprek. Dr. Emile het as mediese dokter ook gespesialiseer, maar ‘n weersin ontwikkel in die “Big Pharma” van die wêreld. Soveel so dat hy sy goeie pos as dokter prysgegee het en vir etlike jare net rondgery en gholf gespeel het. In dié tyd het hy baie studie gedoen in die natuurgeneeskunde, en nadat hy effe uitgespeel was aan gholf, het hy sy praktyk buite Warmbad begin, met die klem op natuurgeneeskunde, maar uiteraard het sy hy mediese kennis daarby ingewerk.

Hy vertel ook dat hy maar bietjie deur die universiteit destyds bietjie links geswaai is, maar as jy vandag met hom praat, praat hy die taal van ‘n stoere Afrikaner wat trots is op sy volkskap, en trots is op sy pa wat hom met daardie waardes grootgemaak het.

Goed, nou gaan kry ek die produk wat hy my aanbeveel het (en iets vir my vrou), by sy spreekkamer. Daar tref ek ‘n man aan wat duidelik Emile se broer is. Ek “konfronteer” hom daaroor en sê ja hy is, en wys na ‘n netjiese dame agter ‘n lessenaar en sê dit is hulle sussie. “Ek het julle pa geken,” vertel ek dadelik sommer trots. Daar begin oë blink en die logiese vraag: “Waarvandaan ken jy hom?” “Van die HNP”, is die logiese en eerlike antwoord.

En toe is dit ‘n gesukkel om met die medisyne daar uit te kom! Ou dae, ou herinneringe van beide kante. So vertel Emile se broer die staaltjie van sy pa, prof. Peet, wat so reguit was. In die jare tagtig moes daar in die senaat van PU vir CHO gestem word of oor die universiteit sou oopmaak vir ander rasse of nie. Dit sou per geheime stemming wees. En terwyl almal oor hul vertroulike stembriefie buig, staan prof. Peet op en dring daarop aan dat dit genotuleer moet word dat hy openlik stem téén die oopstel van Pukke, “want ek wil nie aan my kleinkinders verduidelik waarom die plek so ‘n gemors uitgedraai het nie”.

Reguit, op die man af, niks weggesteek in ‘n geheime stembriefie nie. Dit was dr. P(eet) van Z Aucamp.

Dit was my lekkerste besoek aan ‘n dokter se spreekkamer, en ek gaan nog staaltjies kry oor dié besondere man en eertydse staatmaker in die HNP, en net daar het die gedagte vir hierdie staaltjie-rubriek vorm aangeneem.

Hulle oë blink oor hulle pa, net soos myne blink as iemand sê hulle kan Jan van de Graaf onthou. Ons mag daardie geslag nie vergeet nie!


## Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898



**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik





# HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# Woord en wêreld

## Trots of dankbaarheid?

***Deur Dr. Gideon Grobler***



**Skrifgedeelte***: Spr 8:13 *Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.**

**Oordenking:** Woordkeuses is baie dikwels belangriker as wat ons oor die algemeen wil aanneem! Baie maklik word gesê dat dié of daai nou sommer net moeilik wil wees oor woorde! Hy of sy hou hom of haar knaend besig met 'n soort "woordgimnastiek". So word die saak oor die korrekte gebruik en die korrekte verstaan van terme maklik afgemaak as niksseggend!

Is dit waar en korrek? Want hierdie sake het meer dikwels as wat ons soms wil erken, ook met ons geloofslewe te doen.

Vergun my eers 'n voorbeeld oor 'n heel ander saak. Miskien kan dié voorbeeld juis helderheid bring. Hoekom sê ons vir mekaar: "Geluk met jou verjaarsdag"? Wat het ek gedoen wat meebring dat jy my geluk sê vir nog 'n jaar wat die Vader my gegun het? Mens sê tog normaalweg geluk wanneer daar die een of ander vorm van prestasie betrokke is.

Die bedoeling wat ons wil uitspreek wanneer iemand verjaar, is seker meer daarop gemik dat ons hom/haar 'n mooi en gelukkige dag en jaar wil toewens. Ek het vreugde saam met jou vir die afgelope jaar wat die Vader my/jou geskenk het! Die Engelse sê: "Happy birthday", gelukkige dag! Waarskynlik méér in lyn met wat die bedoeling is.

Op die keper beskou, sal dit nie uit verband wees om te sê dat daar 'n mate van arrogansie in is as ek die gelukwensing met 'n jaar wat ek bloot en gratis en verniet uit die Vader se hand ontvang het, aanvaar!

Sal dit nie beter en meer tot eer van God wees dat ons dit nie vir mense sê nie, maar met bietjie moeite eerder 'n omskrywing van wat regtig gebeur gee, die blydskap oor die afgelope jaar en bede vir die (DV) volgende jaar met mekaar te deel.

Dit is eenvoudig 'n saak wat nie maar afgemaak kan word vir 'n soort woord vitterigheid nie!

Net só is die woord trots! Ek sal die eerste wees om te erken dat ek persoonlik, by nadenke, die woord al baie dikwels verkeerd gebruik het.

As gelowiges behoort die Woord van God, die Bybel, die begin en die einde van elke redenasie te wees. Ek kry nie 'n enkele voorbeeld in die Bybel waar die woord: "trots" (of sinoniem) in 'n goeie of opbouende sin gebruik word nie. Ja ons weet taal is dinamies, veral ons geliefde taal Afrikaans. Woorde se betekenis kan "ontwikkel"! Daar is tog duidelik niks fout daarmee nie.

Vraag is, of ons noukeurig genoeg is in ons gebruik van die woord trots?

Ek haal vir u duidelikheid 'n paar Bybelverse (bo en behalwe ons vers in die Skrifgedeelte) in dié verband aan.

Spr. 16:5 *Elke hoogmoedige (ook vertaal met trotse) van hart is vir die HERE 'n gruwel; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie.*

Spr. 21:4 *Hoogheid van oë en trotsheid van hart—die glans van die goddelose is sonde.*

Rom. 1:30 *nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;*

1Tim. 3:6 *Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand (trots) word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.*

Jak. 4:6 *Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges (trotses), maar aan die nederiges gee Hy genade.*

Die anderkant van die saak is ook daar! Wanneer ek byvoorbeeld na die Walliesers kyk dan hoor ek en sien ek 'n nasie wat trots is op wie hulle is. Die Walliese mezzosopraan, Katherine Jenkins sê met groot vreugde

en geen aanstellerigheid nie, daar is twee soorte mense, die Walliesers en die wat wens hulle was Walliesers. Uit haar woorde en die manier hoe sy dit sê, gee dit nie aanstoot aan wie nié 'n Wallieser is nie.

Ons sal mense aanpraat en sê: wees trots op jouself! Wees trots op jou volk! Is dit sondermeer korrek? Ek kan nie op myself trots wees nie, want as daar iets is wat goed is, is dit genade van God en nie my eie goedheid nie. As ons volksgenote aanpraat om trots op ons volk te wees, is die goeie bedoeling tog om bly te wees oor die goeie dade eienskappe van ons volk! As ek niks goed uit myself kan doen vir myself nie, Pred. 7:20 *want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.* Anders gesê, selfs my beste dade is met sonde bevlek! Is dit dan nie ook waar van 'n volk nie?

Doen ek enige afbreek aan wat gesê wil word as ek liewer praat daarvan dat ek dankbaar is vir wat die Vader met my gedoen het en vir die volk waarvan Hy my deel gemaak het.

Hoor my asseblief mooi! Ek sê nie en propageer nie dat die woord trots noodwendig verkeerd is nie, maar wél dat ons baie versigtiger behoort te wees in ons gebruik daarvan! Suinig wees in ons gebruik daarvan! Is daar nie dalk 'n ander woord, soos dankbaarheid, waaroor daar geen twyfel kan wees nie, wat veiliger is om te gebruik?

Ek is oortuig dat u en ek op geen manier aan ons Verlosser en ons hemelse Vader wil aanstoot gee deur onnoukeurige of selfs slordige woordgebruik nie!

**Gebed:** ***Onse Vader wat in die hemel is, maak ons asseblief toenemend nederig, sodat ons ons nie dalk, al is dit omdat ons nie noukeurig genoeg is nie, aanstoot aan U of van U ander kinders gee deur ons woorde en ons maniere nie!*** **AMEN**

---

# Vlaminge besoek Suid-Afrika

**Deur Jaco Kleynhans**



*Tom van Grieken van Vlaams Belang aan die woord.*

Leiers van Vlaams Belang, tans in peilings die grootste party in Vlaandere, het onlangs Suid-Afrika besoek om bande met die Afrikaner en ander volkere wat na selfbeskikking streef te versterk. Tom van Grieken, leier van Vlaams Belang, het die afvaardiging gelei wat onder andere ook twee lede van die Vlaamse parlement, Johan Deckmyn en Kristof Slagmulder, ingesluit het.

Die groep het eers Orania in die Noord-Kaap besoek waartydens Vlaams Belang ook 'n finansiële bydrae tot die Stadsboufonds in Orania gemaak het. In Pretoria het hulle deelgeneem aan die *Future of Nations*-konferensie wat deur nasionalistiese partye, organisasies en individue van meer as tien lande bygewoon is. Die krisis waarin die Westerse beskawing tans verkeer en die geweldige agteruitgang van Westerse gemeenskappe weens demografiese verval, massa-immigrasie en globalisme is deeglik bespreek.



*Vlae by cantus.*

Die afvaardiging van Vlaams Belang het ook 'n cantus in Pretoria bygewoon waar bekende volksliedere in Afrikaans, Nederlanders, Duits, Hongaars en Engels gesing is. Die cantus, een van die grootste nog in Pretoria, is deur die Vlaminge, maar ook mense uit Suid-Tirool, Hongarye, Italië, Duitsland en die VSA bygewoon. Vir baie van hierdie persone was dit hulle eerste cantus. Die cantus is natuurlik 'n belangrike deel van die kultuur in Vlaandere.

Slagmulder het ook tydens die besoek sy nuwe boek, *Vlaamse voetsporen in Zuid-Afrika* bekend gestel. Deckmyn werk ook tans aan 'n boek oor die Afrikaner se stryd om selfbeskikking. Die besoek het die reeds bestaande sterk verhouding tussen Afrikaners en Vlaminge verder laat verdiep.

# Buiteland

## Die koste van huidige oorloë



Die aanvang van die jongste nie-amptelike verklaarde oorlog van Amerika en Israel teen Iran, het reeds die wêreld deurmekaar gekrap.

In Suid-Afrika het die rand begin verswak namate die dollar verstewig het, en die prys van Brent ru-olie styg byna uurliks. Oor ‘n maand gaan Suid-Afrikaanse verbruikers die gelag betaal in terme van rand en sent.

‘n Grootse militêre offensief is onverwags deur die Verenigde State en Israel begin, met massiewe lug- en missiel aanvalle op Irakse, Iranse en ander strategiese doelwitte in Iran. Die doel was volgens die VS/Israel om Iranse militêre infrastruktuur, ballistiese missiele, hommeltuig-aanlegte en navorsingsfasiliteite uit te skakel en die regering se vermoë te beperk, en om Iran se kernvermoë te vernietig.

In die kort tyd wat hierdie oorlog woed, meld in Iran staatsbeheerde bronne soos die Iranian Red Crescent Society dat daar reeds ongeveer 787 mense dood is in Iran met duisende gewond.

Sommige onafhanklike groepe en ander berigte skat selfs hoër syfers (tot 1 500+ dodelike slagoffers) as gevolg van voortdurende gevegte en verskeie aanvalle.

Daar is verwagtinge dat die sterftesyfer kan styg namate meer data uit verskillende streke bevestig word.

Iraniese missiele en hommeltuig-aanvalle op Israel het tot ±10–11 mense gedood, insluitend burgers, terwyl etlike honderde gewond is.

Die Amerikaanse militêre sterftesyfer in hierdie konflik staan tans by 6 soldate wat gesneuwel het en daar is ook verskeie gewondes onder Amerikaanse troepe as gevolg van Iran se vergeldingsaanvalle op Amerikaanse basisse in die Midde-Ooste. Die Amerikaanse president, Donald Trump, het in sy huldeblyk aan die gevalle soldate gesê daar kan verwag word dat nog Amerikaanse soldate sal sneuwel. Daar is ook slagoffers in ander lande, soos die Verenigde Arabiese Emirate, Koeweit en ander waar Iran se missiele en hommeltuie doelwitte getref het, met sommige sterftes en baie gewondes.

As gekyk word na die wapens wat in die militêre aksies gebruik is, toon dit die omvang.

Die Verenigde State en Israel het duisende tegnologies gesofistikeerde aanvalle uitgevoer, met lug- en missiel aanvalle, hommeltuie, en die gebruik van oorlogsvaartuie, vliegtuie en navorsingswapens, wat die indruk van ‘n omvangryke konvensionele oorlogvoering toon.

Iran het met ballistiese missiele en hommeltuie op Israel en Amerikaanse basisse in die Golfstate en omliggende lande gereageer. Iran se reaksie sluit aanvalle op Amerikaanse en bondgenote se basisse in Bahrain, Koeweit, Katar en die VAE in.

Burgerlikes en militêres is die slagoffers.

In Iran se geval is ’n soortgelyke patroon van burgerlike verlies as in ander konflikte: ’n groot persentasie van die sterftes is burgers, veral wanneer fasiliteite naby residensiële gebiede getref is (soos ’n skoleaanval wat verskeie kinders gedood het).

In Israel is ’n hoë persentasie slagoffers ook burgers as gevolg van missiel-aanvalle op stedelike gebiede.

Amerikaanse slagoffers is hoofsaaklik militêre personeel wat in die gebied ontplooi is.

Ekonomiese en materiële koste is op die oomblik nog iets wat waarskynlik moeilik in geldterme uitgedruk kan word omdat die konflik steeds aktief is. Tog is daar bepaalde aanwysers.

In Iran is daar reeds groot infrastruktuurbeskadiging in stedelike gebiede en op militêre fasiliteite, terwyl daar ekonomiese ontwrigting is weens ontwrigting van nywerheids- en siviele fasiliteite.

Vir Amerika en Israel is daar hemelhoë militêre uitgawes vir ontplooiing en volgehoue offensiewe operasies. Nóg Amerikaanse, nóg Israeliese regerings het tot dusver formele totale kosteberamings

gepubliseer vir hierdie deel van die oorlog.

Oor die algemeen is grootskaalse oorlogvoering deur moderne state baie duur, en so ’n konflik veroorsaak miljarde in direkte militêre uitgawes en indirekte ekonomiese verliese.

As egter gekyk word na dit wat wel reeds bekend is, gee dit ‘n idee van hoe geweldig die konflikte is. Die Russies-Oekraiense oorlog se voorlopige statistieke lyk so:

• Rusland verloor ongeveer 24 000 voertuie en ander wapentuig (insluitend ongeveer 13 800 tenks en 361 vliegtuie).
• Oekraïne verloor ongeveer 11 290 voertuie en ander wapentuig (insluitend ongeveer 5 570 tenks, 194 vliegtuie).
• Rusland het honderde, dalk selfs duisende hommeltuie, ballistiese en kruisvliegtuie afgevuur – bykans 55 578 hommeltuie, 665 ballistiese en 4 046 kruisvliegtuie sedert September 2022.

Die oorlog se koste is groot. Daar word byvoorbeeld geraam dat Oekraïne se ekonomie meer as $400 miljard sal benodig vir herstel na die oorlog en totale ekonomiese verliese kan oor $1 triljoen wees met rekonstruksiekoste ingesluit.

Die Israel-Hamas oorlog se statistieke lyk so:

• Tienduisende missiele is vanaf Gaza in Israel afgevuur sedert Oktober 2023.
• Israel het ook etlike duisende teikens in Gaza aangeval met vliegtuie, artillerie en hommeltuie, en verskeie terreine is vernietig.
• Die langdurige oorlog het die Gaza-ekonomie byna tot sy 2010-vlak teruggedruk, met ernstige infrastruktuur skade.
• ‘n Groot persentasie van die bevolking in Gaza is ontwortel en ontheem weens gevegte en vernietiging.

Dan is daar nog ander konflikte aan die gang wat nie soveel aandag trek nie.

Soedan bly een van Afrika se mees gewelddadige en langdurige konflikte.

Volgens internasionale ontleders is duisende, veral burgerlikes, oor die afgelope jare dood in die geveg tussen die Soedanese Weermag en die Rapid Support Forces (RSF). Siviele slagoffers het in baie konflik-jare gestyg en daar is ernstige menseregte-vergrype gedokumenteer.

Hierdie konflik gaan deur stede en dorpe, met massiewe vernietiging en humanitêre krisisse as gevolg. Die konflik in Myanmar tussen verskeie rewolusie-groepe en die militêre regering gaan steeds voort, en ramings toon dat duisende burgers en nie-staatlike vegters is dood weens gevegte, onderskeidelik tussen die Tatmadaw (militêre) en verskeie etniese groeperings.

Ook die burgeroorlog in Jemen (sedert 2014) bly intens en volgens langtermyn-skattinge word die totale doodslagoffers beraam op duisende, waarvan groot getalle is as gevolg van honger en tekort aan mediese sorg. Dié oorlog het groot humanitêre krisisse veroorsaak, met miljoene mense wat nou nog meer afhanklik is van hulp as wat al voorheen die geval was.

In dele van Ethiopië en Suid-Soedan is daar steeds geweld en onderdrukte konflikte, met baie mense wat gewond is of gedwing is om te vlug.

In Suid-Afrika is bendegeweld ‘n unieke oorlog, ongekend aan die wêreld. Daagliks word mense doodgeskiet of ontvoer, en die algehele moordsyfer is steeds hoër as in talle oorloggeteisterde gebiede.

## VN in geldknyp

Terwyl oorloë en gerugte van oorloë eerder meer word in plaas van minder, het die “groot vredemaker”, die Verenigde Nasies (VN), te kampe met sy eie oorlog: ‘n oorlog om oorlewing as gevolg van ‘n finansiële krisis.

Dié krisis is so groot, dat die Sekretaris-Generaal, António Guterres, verskeie lidlande ingelig het dat die organisasie se finansiële toestand uiters beroerd is en dat daar dringend betalings nodig is.

Guterres het lidlande laat weet dat daar rekord-hoë onbetaalde ledegelde uitstaande is wat veroorsaak is deurdat baie lande nie betyds of ten volle betaal het nie. Dit skep ’n kontantvloei-probleem en skep die risiko van ’n finansiële ineenstorting van die VN.

Hy het in ’n brief aan alle lidlande, wat skynbaar die VSA insluit, gewaarsku dat die VN moontlik teen Julie 2026 nie meer genoeg kontant sal hê nie as dinge nie verander nie, en hy het lande aangespoor om hul bydraes te betaal of selfs om die finansiële reëls te hersien.

Alhoewel die VN-hoof nie direk gesê het dat hy by die Verenigde State vir geld aangeklop het nie, het

hy egter wel die feit beklemtoon dat die Verenigde State se weerhouding van betalings grootliks bydra tot die tekorte, aangesien dit een van die grootste bydraers tot die VN-begroting is en tans baie geld nog nie betaal is nie.

Hierdie situasie het ontstaan deurdat sommige lande, veral die Verenigde State, deel van hul geldelike bydraes vertraag of nie vol betaal het nie, wat die VN se vermoë om rekeninge te betaal, personeel te betaal en programme te finansier, erg onder druk plaas.

Daar is ook 'n ingewikkelde VN-reël wat vereis dat onbestede geld aan lande teruggegee moet word, selfs al is dit nooit werklik ontvang nie — wat die finansiële probleem vererger.

Dit beteken dat as die betrokke lande nie ten volle betaal nie, die VN se gewone bedrywighede gekortwiek word en sal dit moet sny aan personeel, programme of hulpprojekte.

Terwyl daar oorloë op verskeie fronte woed, en daar al bespiegel word dat dit net die begin van 'n volgende wêreldoorlog kan wees, gaan lande eerder hul beskikbare geld bestee aan militêre voorbereidings, as om dit te betaal in die rekening van die wêreld se grootste hond sonder tande.

Dit laat egter wel die moontlikheid vir die Amerikaanse president, Donald Trump, om op sy voorwaardes in te gryp. Dit kan 'n interessante verwikkeling word.

---

## Trump kry geen steun van Spanje, Brittanje swaai om en Frankryk help

Aanvanklik het die Britse premier, Keir Starmer, enige hulp aan Amerika geweier in die oorlog teen Iran.

Dit het egter nie lank geneem voordat Starmer aangekondig het dat die Verenigde Koninkryk die VSA sal toelaat om Britse militêre basisse te gebruik vir beperkte verdedigingsaanvalle wat op Iranse missielterreine gemik is, wat 'n vroeëre weiering omkeer te midde van toenemende VSA-Israeliese operasies teen Iran.

In 'n voorafopgeneemde videoverklaring wat deur amptelike kanale vrygestel is, het Starmer gesê die besluit is geneem om te verhoed dat Iran missiele oor die streek lanseer wat burgerlikes kan doodmaak, Britse burgers in gevaar kan stel en onbetrokke lande kan tref.

Starmer het in 'n vorige aankondiging beklemtoon dat die VK nie direk deelneem aan offensiewe aanvalle nie, wat einde Februarie begin het wat Iranse militêre fasiliteite, kernterreine en senior leierskap geteiken het. In plaas daarvan het Brittanje gefokus op verdedigende aksies, insluitend die onderskepping van Iranse missiele wat op bondgenote in die Golf gemik is.

Starmer het nou ook die gevaar erken wat die Iranse regime inhou: "Selfs in die Verenigde Koninkryk hou die Iranse regime 'n direkte bedreiging vir andersdenkendes en die Joodse gemeenskap in." Hy het voortgegaan: "Oor die afgelope jaar alleen het hulle meer as 20 potensieel dodelike aanvalle op Britse bodem gesteun."

Starmer het Iran se optrede as toenemend roekeloos en gevaarlik beskryf en gesê die besluit is in ooreenstemming met internasionale reg onder die leerstelling van kollektiewe selfverdediging. Die regering het 'n opsomming van sy regsadvies gepubliseer wat daardie standpunt ondersteun.

Daarteenoor het die Spaanse premier, Sánchez na Trump, 'n tirade losgelaat teen Trump: "Ons wil nie medepligtig wees nie, net om vergelding te vermy."

Na aanleiding van Donald Trump se dreigemente teen Spanje, het die Spaanse premier, Pedro Sánchez, sy regering se standpunt oor die oorlog teen Iran verdedig. Hy het gewaarsku teen verreikende gevolge. "Jy kan nie Russiese roulette speel met die lot van miljoene mense nie."

In 'n televisietoespraak het die Spaanse premier gereageer op die verklarings van die Amerikaanse president Donald Trump, wat gedreig het om alle handel met Spanje te staak oor Spanje se standpunt oor die VSA-Israeliese aanval op Iran. Die Amerikaanse president is gefrustreerd omdat Spanje geweier het om sy militêre basisse aan die Verenigde State beskikbaar te stel.

Sánchez het gesê dat die militêre operasie in Iran die wêreld net meer onseker en gevaarlik maak. "Só begin die mensdom se groot rampe," het Sánchez in 'n televisietoespraak gesê. "Jy kan nie Russiese roulette speel met die lot van miljoene mense nie."

Die Spaanse premier het gesê die wêreld kan nie sy probleme met konflikte en bomme oplos nie. "Die Spaanse regering se standpunt kan in vier woorde opgesom word: 'Nee vir oorlog.'"

Sánchez het ook die Iranse regime en die "fundamentalisme" van die ajatollahs veroordeel en geëis dat die VSA, Israel en Iran vyandelikhede staak "voordat dit te laat is." Hy het gepleit vir 'n diplomatieke en politieke oplossing. "Sommige sal sê dis naïef. Wat werklik naïef is, is om te dink dat geweld die

oplossing is. Of om te dink dat blinde, slaafse gehoorsaamheid leierskap is."

Na sy mening moet internasionale reg seëvier. "Ons wil nie medepligtig wees aan iets wat sleg is vir die wêreld en teen ons waardes en belange indruis net om vergelding van iemand te vermy nie," het Sánchez gesê, en blykbaar na Trump se handelsdreigemente verwys. "Spanje se posisie is dieselfde as in Oekraïne of Gaza: Nee vir die skending van internasionale reg wat ons almal beskerm. Nee vir die oplos van konflikte met bomme. Nee vir oorlog."

Die Spaanse premier het 'n vergelyking getref met die oorlog in Irak. "Dit het die grootste golf van onsekerheid ontketen wat ons kontinent gesien het sedert die val van die Berlynse Muur." Dit is nog te vroeg om te weet of die oorlog in Iran soortgelyke gevolge sal hê, het Sánchez gesê, maar dit "sal nie lei tot 'n billiker internasionale orde, hoër lone, beter openbare dienste of 'n gesonder omgewing nie." Hy het beklemtoon dat 'n regering "mense se lewens moet verbeter, nie vererger nie." Hy glo dat sommige leiers, sonder om Trump by die naam te noem, die "rookskerm van oorlog" gebruik wanneer hulle nie hierdie fundamentele verpligting nakom nie.

Dit is nie die eerste keer dat die Spaanse premier met Trump bots nie. Sedert Trump sy ampstermyn begin het, was Sánchez die enigste Europese leier wat sy oorlogsretoriek konsekwent uitgedaag het. Spanje was ook die enigste NAVO-lid wat nie bereid was om sy verdedigingsbesteding tot vyf persent te verhoog nie, 'n eksplisiete eis van Trump.

Daarteenoor het Frankryk sy volle ondersteuning aan Amerika gegee, en skynbaar het Trump ook 'n positiewe gesprek met die Duitse kanselier gehad, alhoewel dié nog geen amptelike verklaring van standpunt uitgereik het nie.

---

## Totsiens Khamenei

Die bekende Vlaams-nasionalistiese politikus van Vlaams Belang, Filip Dewinter, het onder bogaande opskrif, die onderstaande op sy Facebook geplaas:

"Wie in die Weste betreur die aanval op die moorddadige regime in Iran?

"In die VSA sluit dit die Moslem-burgemeester van New York, Zohran Mamdani, en die sosialis Bernie Sanders (albei verkies deur die linkse Demokrate) in.

"In Frankryk praat Mélenchon (heel links) van 'n 'bedreiging vir wêreldvrede', en vergeet onmiddellik dat Khamenei die grootste borg van terrorisme was. Die Portugese sosialis Antonio Guterres (heel verkeerdelik genoem VN-sekretaris-generaal) sê dieselfde, net soos die Belgiese Parti Socialiste (wat reeds heeltemal deur Moslems in Brussel oorheers word).

"Groen en Ecolo noem die aanval 'volslae waansin', en die PVDI (Party van Islamiste in plaas van Arbeid) noem dit 'n 'verskriklike misdaad'.

"Dit is die grootste vyande van ons Westerse beskawing: die Islamitiese sosialiste. Ag nee. *(NS: Die voorgenoemde sosialis Guterres het die moed gehad om Khamenei verlede maand geluk te wens met die herdenking van die Islamitiese Rewolusie in Februarie 1979.)"*

---

## Kommentaar

*(Van bladsy 3)*

Dan is daar die risiko van moontlike bewindsveranderings. Die eens Afrikaner-vyandige Amerika, het tans 'n president wat 'n simpatieke oor vir die Afrikaner het. Sy termyn is oor net meer as twee jaar verstreke. Dit gaan die toneel drasties verander, selfs al sou die Republikeine die bewind behou. Die huidige vise-president is ook getroud met 'n vrou van nie-Westerse afkoms. Hy het dus klaar 'n persoonlike ander benadering, wat ook in sy politieke opvattings gaan deurskemer.

Uiteindelik sal die Afrikaners, alléén, self hul stryd moet voer en tot oorwinning lei. Uiteraard is dit goed as eertydse vyande, sover beweeg kan word dat hulle neutraal is in plaas van vyande, maar dit maak hulle nie noodwendig viende nie, en nog minder bondgenote wat namens ons die stryd gaan voer.

'n Laaste klippie in die skoen, is die onmiddellike oproep tot finansiële bydraes. Dit laat dink aan ander organisasies wat ook van elke geleentheid gebruik maak om geld in te samel, en dit het al lank al 'n wrang smaak veroorsaak. Ons besef almal se noodsaaklikheid aan befondsing, maar soms is die oproepe daartoe effe hinderlik.

As ons dan sê dat die Afrikaner sy stryd selfs sal moet voer, herhaal ons ons vorige oproepe dat dit ook nodig is dat alle vryheidsliewende Afrikaners eers met mekaar moet skakel. Uit daardie skakeling kan 'n gesamentlike internasionale betrekkinge beleid en optredes beplan word, wat wyer strek as net Amerika. Liefdadigheid begin tuis. Die werklike stryd om vryheid ook!

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




Vanoggend skryf ek vir jou met 'n ongedurigheid in my hart wat ek net nie kan afskud nie. Dis alles Septimus se skuld of miskien moet ek sê te danke aan Septimus wat ons bietjie kom wakker skud het in ons Utopiese bestaan.

Hou ons piekniek, is selfs die laatslapers vroeg uit die vere en vat die pad na ons ou witstinkhoutboom toe. Die vure word vroeg reeds aangesteek en almal skop nes in die skaduwee. Eenkant word die lang tafel op bokke vol gepak met eetgoed terwyl twee groot ketels begin rittel en dans met die kokende koffiewater.

Die veld is stil, selfs die lang grasse wuif nie rond nie. So ook die digte groen blaredak. Die vuur se rokie trek regop in die windstilte en selfs die wit wolkbote teen die kobaltblou koepel beweeg nie. Daar hang 'n heerlike vreedsaamheid oor ons groepie om die braaivuur.

"Terwyl ons wag vir die kole om reg te kom, wil ek julle vra om vanoggend terug te dink aan ons kinderdae," onderbreek Septimus die oggendstilte. "Meeste van ons hier was klein kinders gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Kom ons kyk wat ons kan onthou oor hoe ons ouers daardie swaar jare oorleef het."

"Daar was min kos maar by die skool het ons boontjiesop en brood-rolle vol rosyne gekry," sê Eeufeesia. "Net daardie visolie lekkers kon ek nie inkry nie."

"Ons ouers mag niks met wit meel gebak het nie en ons het ook net bruin suiker gekry," kom van Sarie.

Gabriël begin lag. "My ouers het 'n populierbos gehad, ek moes elke dag 'n bondeltjie hout vir die klaskamer se stofie gevat het!"

"Ja, en ek het sagte leiklippies in die spruit gaan optel om op die leie te skryf want die harde griffels het vreeslik geskree. Ons het mos 'n tekort aan papier en potlode gehad," kom van Gideon.

"Ai en my arme ma wat al die ou truie losgetorring het om vir ons warmgoed te brei," sê Maria. "Dan het hulle die wol om wynbottels gedraai, warm water in die bottels gegooi en die krinkels is so uit die wol gestryk."

"My ma het vertel hulle kon nie garing koop nie, sy het rafels uit ou lakens getrek om mee te lap en stop," sê Heidie.

"Die een ding wat ons ouers geleer het, was hoe om te oorleef, " sê Wilhelm. "Maar hoekom vat jy vanoggend ons gedagtes op hierdie pad, Septimus?"

"Soos julle weet, kom ek pas terug van 'n uitgebreide reis deur Europa," antwoord hy. " Wat ek daar gesien het, maak my uiters bekommerd oor die toekoms. Die hele wêreld is soos ‘n pitseer wat ryp is en enige dag kan oopbars. Ons klompie hier sit in die bevoorregte posisie dat ons selfonderhoudend is in meeste lewensmiddele. Maar wag, die vleis wat so amper gereed is, laat my mond nou water en ek gaan nie verder uitbrei oor hierdie onderwerp nie. Ek wou net julle gedagtes wakker maak vir die moontlikheid van baie swaar tye wat kom. Ons moet ook almal gaan dink hoe ons onsself gaan voorberei om te oorleef en veral ook oor maniere hoe ons ons volksgenote kan help. Nouja kom ons skep en geniet die heerlike weer en daardie sagopoeding van Hortensia se bessies!"

Hier en daar dwarrel 'n geel blaartjie uit die boom op ons, kompleet soos voortekens van 'n soort wêreldwinter wat duidelik aan die kom is. Ons eet in stilte, nugter geruk uit ons droombestaan.

"Vriende," sê Servaas. Ons is dankbaar dat Septimus by ons is en vir sy besondere insig. Ek stel voor dat ons oor twee weke die gesprek hervat hier onder ons boom en dat dit 'n positiewe beplanningsdag sal wees."

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie



# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, "dra dit aan u op", en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ____________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ______________________ op hierdie ______ dag van _______________ 2024.

_______________________________

HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

---

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: [Prof] [Dr] [Mnr] [Mev] [Mej]

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: ________________________

____________________________ E-pos: ________________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: _______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: ________________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________